## 19 Augustus Lukas 15 (verse 7,10,32)

### ***Ontvang** soos die Vader alle verlorenes met blydskap*

Ons is gestuurdes in hierdie gebroke wêreld. Ons lewe as gelowiges in twee wêrelde: die nuwe wêreld en die ou wêreld. Ons lewe is al by Christus geanker, maar ons is nog hier in die stukkende wêreld met sy pyn. Waarom is óns hier? Ons is hier, want ons is gestuur. "Onthou: Ek stuur julle..." Hoekom stuur die Here jou? Omdat jy self gevoel het wat dit is om verlore en gebroke te wees voordat God jou gered het. Nou kan jy met groot begrip ander help wat nog verlore is.

Die Fariseërs en Skrifgeleerdes het beswaar gehad dat die Here verlorenes soos die tollenaars en sondaars ontvang. Daarom vertel die Here aan hulle drie gelykenisse. Hierdie drie gelykenisse vorm 'n aangrypende eenheid. Die leefwêreld waarbinne die Vader leef en waar ons ingenooi word is dié van blydskap. Die ruimte waarbinne alle gebrokenes en verlorenes ingebring moet word moet ook die van blydskap wees. Dit kan alleen as ons met die regte oë na verlorenes en gebrokenes kyk. Is daar in ons harte die gesindheid van die Vader of die Fariseërs? Veroordeel ons maklik en maak ons deure maklik toe soos die Fariseërs of is ons deure oop vir almal wat die Here wil aanbid? Vervul ons ons roeping in hierdie gebroke wêreld waarin ons leef deur volhardend die blydskap van die Evangelie uit te dra? Vind die wat terugkeer na die Vaderhuis by ons 'n tuiste? Die Here wil die gebroke wêreld versag met blydskap. Hy gee aan ons as feesvierende menigte blydskap om die hardheid te versag. Daardie blydskap is 'n magneet wanneer ons positief lewe en ander daarmee ontvang.

Sing: Psalm 126:1,2,3 Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Mooirivier)